Gepubliseer op:

# Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Lees: Joh.15:1-27

Teks: Joh.15:6,12

H.K.: Sondag 21, v/a 55, 56 (Reeks 12 art nr 18 Son 21b)

Datum: 5 Oktober 2009

Psalms: 122:1,2;

1. Inleiding.

In die eerste vraag van Sondag 21, vraag en antwoord 54, kon ons oordink dat die kerk ’n skeppingswonder van die Seun van God is: Die Seun van God vergader, beskerm en onderhou die kerk. En hierdie werk doen die Seun van God deur sy Gees en Woord.

Die Seun van God vergader, beskerm en bewaar deur sy Woord en Gees.

En in hierdie werk gebruik Christus die kerk.

Want, sê Calvyn, die gemeente is die moeder van die gelowiges (kyk ook Gal 4:26). Aan moeder Kerk is die saad van die onverganklike lewe (die Woord) in bewaring gegee (1 Pet 1:23). Deur daardie Woord gee moeder Kerk geboorte aan die gelowiges en deur daardie Woord voed die gemeente die gelowiges. Wie weier om die gemeente as moeder te hê, begeer tevergeefs om God as Vader te hê. Immers, God verwek sy kinders en maak hulle groot, maar Hy doen dit deur die diens van die gemeente.

Dit is nie die kerk wat ons die geloof gee en instandhou nie, maar dit is die Seun van God self deur sy Woord en Gees. Tog het dit die die Seun van God behaag om sy kerk daarin te gebruik. Die kerk is sy instelling en deur sy ampsdraers wil hy die gelowiges toerus en die gemeente laat groei (Ef 4:11 e.v.). Deur die prediking van die kerk kom ons tot geloof (Rom 10:14-17).

En nou moet ons tog goed lees wat in artikel 9 van ons Apostoliese Geloofsbelydenis staan. Eers word bely: ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk. En dan volg daarop ’n komma en dan die woorde: ***die gemeenskap van die heiliges***. Heel eenvoudig gestel: die woorde ***die gemeenskap van die heiliges*** gee ’n nadere verklaring van die woorde die heilige, algemene, christelike kerk. Dit is wat die kerk is: gemeenskap van die heiliges. So lyk moeder kerk.

Ons kyk dan na die weldade wat moeder kerk aan ons skenk:

1. die skat van die gemeenskap van die heiliges; en

2. die skat van die vergewing van sondes.

2.1. Die skat van die gemeenskap van die heiliges.

Gemeenskap van die heiliges, sê ons Heidelberger, beteken: ***Ten eerste*** dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het. ***Ten tweede*** dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend.

Hier kom twee lyne ter sprake: ***Eerstens*** is daar **DIE LYN NA BO**, na die Seun van God. Gemeenskap van die heiliges beteken gemeenskap met die lewende en die lewegewende Here Christus, die Seun van God, die skepper, die bewaarder, die onderhouer van die kerk. Dit is die vertikale of opwaartse lyn. Maar daar is nog 'n ***tweede*** lyn, **DIE HORISONTALE LYN**. Dié lyn loop na my broeder en my suster. Daarvan praat die Kategismus, wanneer hy sê: elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend.

- **Ons begin by lyn nommer een, die gemeenskap met Christus**

Ons Here Jesus Christus is die lewensbron van die gemeenskap van die heiliges. Sonder Hom sou daar geen gemeenskap van die heiliges bestaan het nie. As ons van Hom afgesny is, sterf ons.

Hierdie groot waarheid het Jesus eenmaal self aan sy dissipels verkondig in die gelykenis van die wingerdstok en die lote.

U het sekerlik al almal 'n wingerd gesien, 'n druiweprieël. Dan weet u dat dit 'n stam het, die sogenaamde wingerdstok, en uit daardie stam loop die lote en aan die lote hang die vrugte, die druiwetrosse.

Daardie lote is afhandlik van die stam, die wingerstok dus. Sou 'n mens die lote van die stam afsny, is dit net 'n kwessie van tyd en die loot sal verdroog. Die lote het die stam dus nodig. Die wingerdstok voer lewenssap na die lote toe en as die lote dit nie kry nie,

sterwe dit. Dood logies kan daar ook geen sprake wees van vrugte aan die lote as die lote nie verbind bly met die stam nie.

So is dit nou ook met ons as gelowiges. Ons is die lote en Christus is die druiwestok. Sonder Christus kan ons nie lewe nie. As ons van Hom afgesny is, kan daar geen sprake wees van vrugte in ons lewe nie. As ons deur die geloof deel het aan Christus, dan alleen sal daar in ons lewe die vrug van geloof, liefde en bekering wees.

Daarin bestaan die gemeenskap van die heiliges dus in die eerste plek, sê ons belydenis, dat ons gemeenskap met Christus het. Dit wil sê ons het deel aan Hom en aan al sy skatte en gawes. Daarby kan u dink aan die rykdom van sy offer, die geskenk van die Heilige Gees, die gawe van die ewige lewe, en nog baie meer.

Aan hierdie skatte kry ons deel deur die Woord. Dit wil sê: daar by die huisgodsdiens en hier in die kerk, waar die Bybel aan ons gebring word. Die Woord is die lewenssap van die lote. Weet u dit nog? Dink u nog daaraan dat u dit nie kan ontbeer nie? Getuig u soeke en u verlange na die Woord ook daarvan?

- **Ons kom by lyn nommer twee, die gemeenskap met mekaar**

Ons gemeenskap met Christus maak ons ryk, skatryk. Maar Christus maak ons nie ryk, sodat ons daardie skatte vir onsself sal hou nie. In Christus kom daar strome van seëninge na ons toe gevloei, maar nou mag ons nie – egoïsties - die rivier van weldade by onsself opdam nie. Nee, ons het die plig en die opdrag om kanale te wees, wat daardie strome laat deurvloei na ons naaste. Christus maak ons ryk, sodat ons ander mense ook ryk sal maak. God skenk ons gawes, maar sy gawes verplig ons om ons gawes te gebruik tot nut en saligheid van ons medegelowiges. Dit is nie iets waarin ons 'n keuse het nie.

Dit is 'n opdrag en dan nie maar ’n bevel van 'n mens nie, maar ’n gebod direk uit die hemel afkomstig. Wanneer Jesus die gelykenis van die druiwestok en die lote vertel, dit wil sê wanneer Hy dit het oor ons gemeenskap met die Here Jesus, kom Hy direk in verband daarmee ook uit by die gemeenskap met mekaar. Want in v.12 sê Hy: "Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het". Dit is twee dinge wat ons nooit uitmekaar kan haal nie: die rykdom van Christus se liefde dring ons tot onderlinge liefde.

Die liefde vir mekaar word ook vergestalt in die gesindheid waarmee ons ons gawes aanwend. Die Heidelberger sê: ons moet ons gawes ***gewillig*** en ***met vreugde*** aanwend.

Elkeen van ons het 'n besondere gawe van God ontvang. Die een is ook nie belangriker as die ander nie. Almal is ewe nodig in die kerk.

Dit is tog wonderlik hoe die Here sy gemeente saamgestel het. Hy gee nie aan een enkele persoon alle moontlike gawes wat daar is nie. Dan sou so 'n persoon maklik kon redeneer: Ek het alles wat ek nodig het, ek het die ander nie nodig nie. Nee, God het dit doelbewus so gedoen dat Hy aan elkeen van ons net enkele gawes gegee het, sodat ons sal weet dat ons mekaar nie kan mis nie.

En nou is hierdie gawes van die Seun van God, gawes van sy Heilige Gees tot opbou van sy kerk. Dié gawes, kan ons sê, is die hande van die Seun van God wat Hy na ons toe uitsteek. Wie daarom wye draaie om sy broeder of suster loop, ontwyk nie maar 'n mens nie, maar die hande van die Here.

Die ouderling en die diaken is 'n gawe van God en die dominee eweneens. Die bejaarde weer het die gawe van rype lewenservaring. Nog 'n ander het die gawe om te kan troos of om te kan vermaan. Die vermoeë om te onderrig is 'n gawe. En so is daar nog vele meer. Ek dink maar net aan nog een: die gebed! Bid u vir mekaar?

Maar ons kom by die tweede weldaad wat die Here aan ons gee via die kerk:

<u>2.2. die skat van die vergewing van sondes</u>.

Hierdie artikel, "ek glo in die vergewing van sondes", was van besondere betekenis vir Martin Luther, die groot kerkhervormer:

In 1506, voordat sy oë oopgegaan het vir die leer van die Hervorming, het hy na 'n klooster gegaan. Dit was, na die gangbare mening van daardie tyd, die sekerste weg na die hemel. Daar in die klooster het die monnike hulle afgesluit van die sondige wêreld om hulle toe te lê op die doen van goeie werke. So het hulle gesoek na sekerheid van hul saligheid en vrede met met God. En dit was die weg wat Luther ook gegaan het. Met ongekende ywer het hy Hom toegelê op die doen van goeie werke, maar ... vrede het hy nie gevind nie. Hy het sy liggaam gekasty en gereeld gevas, maar...vrede het hy nie gevind nie.

Toe die ontbering hom totaal en al uitgeput het en tot voor die poorte van die dood gebring het; toe sy angste en verskrikkinge vermenigvuldig het in die aangesig van die dood, het 'n bejaarde kloosterbroeder hom besoek. As antwoord op die benoude sieleklagte van Luther het hy hierdie eenvoudige en treffende woorde uitgespreek:"Ek glo in die vergewing van sondes". En Luther, diep daardeur getref, het die woorde by homself herhaal:"Ek glo in die vergewing van sondes". Maar die ou monnik het nog iets daarby gevoeg:" 'n Mens moet nie net glo dat aan Dawid of aan Petrus die sonde vergewe is nie; *dit* glo die duiwels ook. Maar God wil dat ons sal glo dat *ons* sondes vergewe is. Soos die heilige Bernard in 'n preek sê: die getuienis wat die Heilige Gees in ons harte gee, is dit: *jou* sondes is jou vergewe".

Luther het so ver probeer kom met sy goeie werke, dat hy kon sê: Ek *verdien* die vergewing van sondes. Daarteenoor het die kloosterbroeder die woord van ons belydenis geplaas: Ek *glo* in die vergewing van sondes". Dié ou monnik het dit goed gesien: vergewing is nie iets wat ons verdien nie, maar ons ontvang dit uit genade, met die bedelaarshand van die geloof. Ewemin as wat 'n bedelaar gewerk het vir die aalmoes wat hy ontvang, ewe min het ons die genade van skuldvergifnis verdien. Deur hierdie woord het daar lig begin opgaan by Luther. Mag dit ook by u so wees.

Daar is vandag nog mense wat dink dat hulle hul pad na die hemel toe kan oopwerk. Hulle probeer dit doen deur hulle liefdadigheid of deur hulle kerklike aktiwiteite. Maar die leer van die Skrif is dat ons beste werke met sonde bevlek is en dat ons ons skuld daarom daagliks net meer maak. Daarenteen bring V/A 56 aan ons die blye boodskap dat Christus voldoen het aan die eise wat God stel. Hy het alles gedoen wat gedoen moes word om vir ons die vryspraak by die Here te verdien.

Klink die woorde van Sondag 21 nie ook vir u soos musiek in u ore nie: God wil aan AL my sondes nooit meer dink nie. AL my sondes: dit sluit nie net die kleintjies in nie, maar ook die grotes. Die Bybel sê: Hy het dit agter sy rug gewerp. En wat agter jou rug lê, dit sien jy nie meer nie, daaraan dink jy nie meer nie. Hoe kon God dit doen? Alleen om Christus wil, omdat Hy die straf in ons plek gedra het.

Daar is mense wat hulle nie druk maak oor die vergewing van sondes nie. Hulle sondes is nie vir hulle 'n drukkende las waarvan hulle so sielsgraag bevry wil word nie. Hulle dink

nie daaraan nie en hulle haat dit om dit in die prediking te hoor. Die opstellers van ons belydenis was egter diep bewus van hulle sonde en hulle sondige geaardheid. En dit is hoe die Skrif ons ook leer. Want hoe helderder ons kennis van ons persoonlike sondes is, des te sterker is ons behoefte aan vergewing.

Die strafgerig van God was vir die manne van Heidelberg 'n lewende werklikheid. Die Skrif is ook vol daarvan: daar kom 'n dag wanneer die Here weerkom as Regter. Dan sal ons almal voor sy regterstoel gedaag word. Mag daardie groot en deurlugtige dag ook leef in u gemoed, sodat u u reg sal voorberei. Want as ons verlang na die vergifnis van sonde nie, sal ons daar staan, beklee met die aaklig-vuil gewaad van ons sondeskuld. Maar as ons elke dag hulpbehoewend met ons sondenood na Jesus toe vlug, sal ons eenmaal voor ons Regter staan, bekleed met die reinwit gewaad van Christus se geregtigheid.

3. Slot.

Die Here het ons vandag getoon wat 'n skatkamer die kerk is. Die goud van die gemeenskap van die heiliges en die vergewing van sondes word ons daar aangeryk. Sien ek u netnou weer in dié skathuis?

AMEN.